

7 Januarie

Romeine 4:13-23

### ***Glo - om God Gód te laat wees***

Wat bedoel ek as ek sê: Ek glo in God?

Om dit so te stel: Wat *maak* ek met Hom?

Gister het ons gesien: om te glo, is om God op sy woord te neem, dit wil sê om te aanvaar wat Hy sê en daarop te reageer.

Vandag: Om te glo, is om God Gód te laat wees. Kyk hoe het Abraham, die vader van die gelowiges, dit gedoen: (Rom. 14:18 en 21).

*"Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo... Hy was ook ten volle oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloop het".*

U sien, dit gaan bietjie verder as gister, meer as om bloot te aanvaar wat Hy sê. Jy aanvaar nie maar wat Hy sê soos jy aanvaar wat Pa en Ma en vriende sê nie. Dis *God* wat praat!

En nou is geloof om Hom in sy uniekheid te erken en aan te hoor. Hy is vir my nie maar soos *ek*, soos *mense*, gewoon en alledaags nie.

Hy is God! Hy sê: Ek gee lewe uit die dood, 'n kind uit die skoot van 'n 90-jarige vrou.

Hy sê vir my: Ek maak jou lewend uit die sondedood; Ek gee jou die ewige lewe - 'n wonder, 'n onmoontlikheid.

Maar ek aanvaar sy belofte. Want Hy is God, die Almagtige.

Wat Hy beloop, al is dit ook *hoe* onmoontlik, *hoe* onbegryplik, ek aanvaar dit.

Ek laat God onbetwisbaar en met volle oorgawe Gód wees. Hy het mos bewys wat Hy in sy unieke, ondeurgrondelike krag *kan* doen in sy Seun, Jesus Christus.

Wat 'n krag en troos en gerusstelling in my lewe, ook vir hierdie nuwe jaar wat ek pas betree het.

Sing Skrifberyming 34:1

Ds. D. Postma (Frankfort)